Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2018

# EKONOMIE V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg:

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
   AFDELING C: Beantwoord enige EEN van die twee vrae.

2. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

4. Lees die vrae noukeurig deur en begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Laat 2−3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.

6. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die uitleg, inhoud en konteks van jou antwoorde voldoen aan die kognitiewe vlakke van die vrae.

7. Slegs die vereiste aantal vrae sal nagesien word in die volgorde wat dit in die ANTWOORDEBOEK verskyn.

8. Gebruik slegs swart of blou ink.

9. Jy mag ‘n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

**VRAAG 1** **30 PUNTE − 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1−1.1.8) in die ANTWOORDE-BOEK neer.

1.1.1 Die vergoeding of betaling wat gedoen word vir die gebruik van produksiefaktore wat beperk is in aanbod, word ... genoem.

A ekonomiese huur
B huur
C kommersiële huur
D rente

1.1.2 Aankope van SEB-kwalifiserende ondernemings, klein besighede en besighede in swart besit, staan bekend as ...

A eienaarskap.
B voorkeur verkryging.
C bestuur.
D bemagtiging

1.1.3 Goedere wat vir ŉ tyd hou en daarna vervang moet word.

A Dienste
B Duursaam
C Nie-duursaam
D Semi-duursaam

1.1.4 Markwaarde van alle finale goedere en dienste wat gedurende ŉ jaar in die ekonomie geproduseer word.

A Bruto nasionale produk
B Bruto nasionale besteding
C Bruto binnelandse produk
D Bruto nasionale inkome

1.1.5 Alle werkers, wie se arbeid aangewend word, is in diens al is dit nie-winsgewend.

A Werkloos
B Volle indiensname
C Werkverskaffing
D Onder-indiensname

1.1.6 Belasting gehef op winste verdien deur die verkoop van kapitaalgoedere.

A BTW
B Boedelbelasting
C Rykdom belasting
D Kapitaalwins belasting

1.1.7 Dit word gebruik om bevoordeeldes te help om eienaarskap van vaste residensiële eiendom te verkry.

A Eiendom subsidie
B Grond restitusie
C Grond herverdeling
D SEB

1.1.8 Bestaan uit ʼn groep lande wat weggedoen het met tariewe en kwotas op handel tussen hulle.

A Gemeenskapsmark
B Monetêre unie
C Doeane unie
D Vryhandelgebied (8 x 2) (16)

1.2 Kies ʼn beskrywing uit KOLOM B wat by ʼn begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A−I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1−1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Kapitaal verbreding | A | Meet die lewenskoste |
| 1.2.2 | Rykdom | B | Betrokke in die produksie of ontginning van grondstowwe |
| 1.2.3 | Primêre sektor | C | Rekords van alle finale goedere en dienste wat ʼn land produseer en die waarde daarvan |
| 1.2.4 | Markmislukking | D | Wanneer ʼn land se kapitaal-voorraad toeneem teen dieselfde koers as die arbeidsmag |
| 1.2.5 | Nasionale rekeninge | E | Gebeur wanneer produksiefaktore nie optimaal toegeken word nie |
| 1.2.6 | Verbruikersprys indeks (VPI) | F | Waarde van alle bates wat individue, besighede en die regering besit |
| 1.2.7 | Geletterdheidskoers | G | Verbruikers kan betaal vir hul aankope |
| 1.2.8 | Debietkaart | H | Goedere en dienste wat gekoop word om weer verkoop te word |
| | | I | Persentasie van mense in ʼn land wat kan lees en skryf |

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN begrip vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die begrip langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. GEEN afkortings of akronieme sal aanvaar word nie.

1.3.1 ŉ Ekonomie wat nie die buiteland insluit nie

1.3.2 Hulle neem inisiatief om besighede op te rig

1.3.3 Bates wat fisies bestaan en waaraan jy kan raak

1.3.4 Beleid wat die Reserwebank gebruik om die aanbod van geld en rentekoerse te beïnvloed

1.3.5 Verhouding tussen die aantal uitsette en die aantal insette

1.3.6 Vergoeding aan die eienaars van kapitaal (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem TWEE sosiale dienste wat die regering verskaf. (2 x 1) (2)

2.1.2 Waarom word intermediêre goedere en dienste uitgesluit by die berekening van die waarde van die BBP? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

| BRUTO TOEGEVOEGDE WAARDE TEEN KONSTANTE PRYSE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Jaar** | **Landbou visserye, bosbou** | **Mynbou** | **Vervaardiging** | **Gas, water en elektrisiteit** | **Konstruksie** |
| **2016** | 11 614 | 58 165 | 98 396 | 16 297 | 27 789 |
| **2017** | 18 505 | 55 237 | 89 863 | 15 154 | 27 328 |

[Bron: *SARB Kwartaallikse Bulletin* Maart 2017]

2.2.1 Wat word in bostaande tabel geïllustreer? (1)

2.2.2 Watter ekonomiese aktiwiteit het die meeste bygedra in 2017? (1)


2.2.3 Verduidelik kortliks die begrip **konstante pryse**. (2)

2.2.4 Hoe word die BTW teen basiese pryse omgeskakel na BBP teen markpryse? (2)

2.2.5 Bereken die totale bydrae van die sekondêre sektor tot die BBP teen konstante pryse vir 2016. Toon alle berekeninge. (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.

**GEMENGDE EKONOMIESE STELSEL**




2.3.1 Watter soort ekonomiese stelsel word hierbo weerspieël? (1)

2.3.2 Wie ken hulpbronne toe in die bogenoemde ekonomiese stelsel? (1)

2.3.3 Verduidelik kortliks die begrip **gemengde ekonomiese stelsel**. (2)

2.3.4 Watter rol word deur die regering gespeel in hierdie ekonomiese stelsel? (2)

2.3.5 Hoe doeltreffend is die Suid-Afrikaanse regering m.b.t. dienslewering van sosiale dienste? (2 x 2) (4)

2.4 Verskaf kortliks die redes waarom mense gemarginaliseer word. (4 x 2) (8)

2.5 Hoekom is dit moeilik om reële kapitaal te verander? (8)

**[40]**

**VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae:

3.1.1 Noem enige TWEE ekonomiese aanwysers. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe verskil rykdom van inkome? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande prentjie en beantwoord die vrae wat volg.

**Vervoerinfrastruktuur**



Suid-Afrika se lug- en spoornetwerk is die grootste op die kontinent. Die land het 'n uitgebreide spoornetwerk – die 14de langste in die wêreld wat verbind is met netwerke in die sub-Sahara streek. Die land se spoor infrastruktuur, wat hawens met die res van Suid-Afrika verbind, verteenwoordig omtrent 80% van Afrika se totale spoornetwerk.

[Aangepas uit: *Wêreldbank Ontwikkeling* 2017]

3.2.1 Noem enige vervoerstelsel in Suid-Afrika wat in bostaande prentjie aangedui word. (1)

3.2.2 Watter Agentskap onderhou nasionale- en tolpaaie in Suid-Afrika? (1)

3.2.3 Hoekom het die regering die Spoed Bus Vervoerstelsel in Suid-Afrika ingestel? (2)

3.2.4 Verduidelik die rede waarom die regering geld belê in openbare vervoer. (2)

3.2.5 Wat is die positiewe impak van die Taxi herkapitalisering program? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

**Suider-Afrikaanse Ontwikkelings Gemeenskap (SAOG)**




[Bron: https:// sadc.int]

3.3.1 Waarvoor staan SAOG? (1)

3.3.2 Noem enige lidstaat van die SAOG soos in bostaande kaart aangetoon. (1)

3.3.3 Wat is die hooffokus van die SAOG? (2)

3.3.4 Verduidelik kortliks **verstedeliking** as ŉ sosiale aanwyser. (2)

3.3.5 Hoe beïnvloed die MIV/Vigs epidemie die ekonomiese groei? (4)

3.4 Verduidelik kortliks hoe rykdom geskep word deur besparings. (4 x 2) (8)

3.5 Hoekom is inheemse kennisstelsels ŉ belangrike deel van plaaslike gemeenskappe? (8)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae:

4.1.1 Noem TWEE soorte primêre sektor bedrywighede. (Enige 2 x 1) (2)

4.1.2 Watter uitwerking het lae ekonomiese groeikoerse op die ekonomie? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

**Verbruiksbesteding**

| **Item** | **Bedrag (000)** |
|---|---|
| Verbruiksbesteding deur huishoudings | 150 000 |
| Staatsbesteding | 130 000 |
| Bruto kapitaalvorming | 80 000 |
| **Bruto binnelandse besteding** | **360 000** |
| Uitvoere van goedere en dienste | 45 000 |
| Invoere van goedere en dienste | 65 000 |
| **BBP teen markpryse** | ***4.2.5*** |

[Bron: *Kwartaallikse Bulletin* 2017]

4.2.1 Identifiseer die metode wat in bostaande tabel gebruik is. (1)

4.2.2 Noem enige ander metode wat gebruik kan word om die BBP teen markpryse te bereken. (1)

4.2.3 Verduidelik die volgende komponente: BBB (GDE) = C+ G+ I. (2)

4.2.4 Verduidelik kortliks die begrip **Bruto Binnelandse Besteding**. (2)

4.2.5 Bereken die BBP teen markpryse. **Toon alle berekeninge**. (4)

Kopiereg voorbehou

4.3 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**ONDERWYSSTATISTIEKE VAN SUID-AFRIKA**

| **Onderwys aanwyser** | **Persentasie** | **Invloed op rykdom skepping** |
|---|---|---|
| Inskrywings in hoërskole | 57% van moontlike totaal | Omtrent die helfte van die bevolking verwerf nie matriek nie – kleiner kans om werk te kry |
| Inskrywings in tersiêre onderwys | 15% | Ernstige gebrek aan grade en diplomas het impak op geskoolde arbeidsmag – negatiewe impak op menslike kapitaal |
| Geletterdheidskoers | 88% | Ongeveer 12% van die bevolking kan nie lees of skryf nie – kleiner vooruitsig op indiensname. |

[Bron https://en .m wikipedia.org]

4.3.1 Watter persentasie is die inskrywings in hoërskole? (1)

4.3.2 Watter invloed het die geletterdheidskoers op rykdom? (1)

4.3.3 Wat lei tot die lae inskrywings by tersiêre onderwys? (2)

4.3.4 Verduidelik hoe ŉ gebrek aan onderwys tot ŉ lae lewenspeil kan lei. (2)

4.3.5 Hoe behoort hoë onderwys ongelykhede aangespreek te word om die lewenspeil in Suid-Afrika te verbeter? (4)

4.4 Onderskei tussen **ekonomiese groei** en **ekonomiese ontwikkeling**. (4 x 2) (8)

4.5 Hoekom is kapitaalvorming belangrik vir die Suid-Afrikaanse ekonomie? (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C (BEANTWOORD EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING)

| STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL: | PUNTE-TOEKENNING: |
|---|---|
| **Inleiding:**<br>• ʼn Goeie beginpunt is om ʼn begrip of sleutelwoord te definieer wat in die vraag voorkom.<br>• Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun.<br>• Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie.<br>• Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie.<br>• Vermy dit om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. | Maks. 2 |
| **Inhoud:**<br>**Hoofgedeelte:** Bespreek in detail/In diepte bespreking/ Ondersoek/Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer | Maks. 26 |
| **Addisionele gedeelte:** Eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken ʼn grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken/Lei af/Vergelyk/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor/Gebruik die inligting en argumenteer, debatteer, evalueer. | Maks. 10 |
| **Slot:**<br>• Die slot is ʼn opsomming van wat bespreek is in die inhoud en behoort ʼn hoërorde antwoord te wees.<br>• Die slot kan in die vorm wees van ʼn eie opinie met voorbeelde om die bespreking te ondersteun of weersprekende siening van wat bespreek is.<br>• Geen aspek van die inleiding of die inhoud mag in die slot ingesluit word nie. | Maks. 2 |
| **TOTAAL:** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die eienskappe van arbeid kortliks. (26 punte)
- Teken ʼn grafiek wat ʼn vaste aanbod van grond aandui en verduidelik kortliks hoe ʼn styging in vraag ʼn uitwerking sal hê op die huur. (10 punte) **[40]**

**VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES 40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die funksies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank onder die volgende hoofde:
  - Regeringsbank (8)
  - Bank van uitgifte (8)
  - Banke se bank (10) (26 punte)
- Hoe sal die Goewerneur van die Reserwebank monetêre beleid aanwend om die hoeveelheid geld in die land te beïnvloed? (10 punte) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou